Vaalpark NG Kerk Geloofsfamilie
# Gemeente
Gebedsbulletin
No. 01 van 2023
## 01 Januarie 2023
Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

# Van invloed-arm tot invloed-ryk vir 2023

Soms hoor jy dat sekere mense invloed het. Wat is invloedryke mense? Wel, dalk help dit as ons eers vir mekaar sê wat is invloed-arm mense. Dit is diegene na wie niemand eintlik luister nie. Invloed-arm mense is onopvallend. Op God se terrein is dit diegene van wie Hy op die laaste dag sal sê: “Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af julle goddeloses” (Matteus 7:23).

Invloedryke mense weer is diegene wie se opinies en standpunte deur ander ernstig opgeneem word. Die goeie nuus is dat sekere mense ook invloedryk is op God se terrein. Nee, dit is nie noodwendig al die bekende Christelike “celebrities" van ons dag nie. Dit is gewone mense wat Jesus se aandag trek. Hoor hier, jy is regtig invloedryk wanneer Jesus bereid is oor jou met sy engele daar in God se woonplek te praat. Hy beloof in Matteus 10:32 om dit te doen as jy jou nie skaam vir Hom en sy woorde nie. Jy verskuif dadelik vanaf invloed-arm tot invloed-ryk op die regte Plek as jy God se wil najaag met alles in jou. Dan ken Jesus jou op jou Naam... vir altyd!

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Lola Vijoen
Jaap Naudé
Maria Steyn
Oom Sampie Swart
Ria Putter
Jaco Steenkamp
Oom Hannes Loots
Tannie Marinda Jordaan
Lilian van Zyl
Gert Keulder
Ina van der Merwe
Annika Killian
Oom Eberhard Carshagen
Hannie Booysens
Jeanette Mostert
Heleen J van Vuuren
Louis Strauss
Louise Lodewyk
Adolf Wolmarans




*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

## *Liewe Geloofsfamilie*

Nou wink 2023 vir ons. Ons weet nie wat alles vir ons voorlê nie, maar ons weet die HERE sal in die nuwe jaar met ons wees. Daarom dat ons 2023 kan omhels. Ons is nie alleen nie. Ons is nie soos mense sonder hoop nie - alles behalwe.

Ons is duurgekoopte eiendom van GOD. Tree vir tree loop ons saam met HOM wat die pad wys en die eindbestemming is. In SY NAAM durf ons reuse aan en loop ons deur groenweivelde.

Voorspoedige & geseënde 2023!
Deon & Fritz